

SKRYFKURSUS

MODULE 4

‘Wys en vertel’ deur Annerle Barnard, bekroonde jeugfiksieskrywer.

Indien jy belangstel om op Barnard se nuusbrief in te teken ten einde gratis inligtingstukke en skryfwenke te ontvang, teken aan op die volgende webblad: *https://annerlebarnard.co.za/*





Annerle Barnard
https://www.facebook.com/outeur.author
www.annerlebarnard.co.za
https://www.instagram.com/annerlebarnard/



BIOGRAFIE:

Annerle Barnard is op 30 April in Musina gebore. Aan die einde van haar Graad 4-jaar verhuis hulle en verruil die Bosveld se massiewe onderstebo-bome vir die rooi vlaktes van die Noordwes. Sy matrikuleer aan die Hoërskool Wolmaransstad. In 1993 voltooi sy ’n BA (Hons) (Engels) aan die Noordwes-Universiteit. Daarna volg 'n Hoër Onderwys Diploma. Aanvanklik hou sy skool, maar begewe haar later in die korporatiewe sektor.

Barnard is getroud en het twee sportiewe seuns en ’n wonderlike, ewe sportiewe, stiefdogter. Barnard hou van lees, reis en die natuur. En noodgedwonge kyk sy redelik baie sport.



PLOT:



ALGEMENE SKRYFWENKE

Enige storie se plot bestaan uit opeenvolgende gebeure waar elke insident ‘n invloed op die volgende het. Oorsaak en gevolg, met ander woorde.

1. Maak seker dat elke gebeurtenis deeglik gemotiveer is. Katniss Everdeen oorleef die Hunger Games omdat sy ‘n jagter is. Dis haar vaardighede met ‘n boog wat haar red. Waar moet haar vaardighede met ‘n boog dus aan die leser bekendgemaak word? Reeds heel aan die begin!
2. Gebruik al jou sintuie wanneer jy skryf. Die karakters moet sien, hoor, proe, voel en ruik, sodat die leser alle gebeure eerstehands ervaar.
3. Skryf (Afrikaans) in die teenwoordige tyd. Gebruik die verlede tyd slegs wanneer jy na iets verwys wat in storieverband in die verlede gebeur het. (In Engels skryf ‘n mens gewoonlik in die verlede tyd.)
4. Uitroeptekens trek aandag. Gebruik dit slegs wanneer ’n karakter skrik, skree of uitroep, ens.



5. Vermy bywoorde en byvoeglike naamwoorde. Kies eerder sterk werkwoorde. Bv. vervang: “Xander ry ~~vinnig~~ in die pad af” met “Xander jaag in die pad af”
   en
   “Dis nou genoeg!” sê Pieter kwaad met “Dis nou genoeg!” Die tafelblad vibreer toe Pieter se hand dit tref.
   5.1 Gebruik dus handelinge/aksies en sterk werkwoorde i.p.v. bywoorde.
6. Vermy lang (vervelige) beskrywings. Kikker jou storie op met aksie en dialoog.
7. Lang paragrawe skrik lesers af. Onderbreek dit met aksie en dialoog.
8. Langer sinne vertraag die pas van die storie en skep ’n rustiger atmosfeer. Kort sinne versnel die pas en skep spanning. Wissel langer en korter sinne af, tensy dit ‘n spanningsvolle toneel is, wat korter sinne sal vereis.
9. Is jou titel treffend?

WYS VS. VERTEL:

VERTEL:

Le Roux is bang.

WYS:

- Hoe kan jy dit herskryf sodat dit jy **wys** i.p.v. vertel?

‘n Druppel sweet hardloop teen Le Roux se slape af. Hy probeer sy asemhaling beheer. As hy beweeg, gaan hulle hom hoor.

***

Doen dit op jou eie manier. Bostaande is slegs ‘n voorstel. Dink aan hoe jy voel en wat met jou gebeur wanneer jy bang is. Soos Mark Twain gesê het, moenie ons vertel dat die ou tannie skree nie, laat haar skréé.

Betrek jou leser by die proses. Vee die protagonis sy hande aan sy broek af omdat hy hande gewas en geen handdoek het nie, of omdat hy angstig voel en sy palms sweet?

Die ysberg-teorie (weglating) is deur Hemingway geformuleer. Volgens hierdie teorie gee jy jou leser nét genoeg (die sigbare deel van die ysberg) sodat hy/sy tot hulle eie gevolgtrekking kan kom oor dit wat onder die water lê (die onsigbare deel). Jy maak met ander woorde slegs ‘n klein hoeveelheid inligting op ‘n slag beskikbaar. Moenie jou leser ‘voer’ nie.

Moet egter nie feite uitlaat omdat jyself nie daarmee vertroud is nie.



Barnard doen baie navorsing vir haar boeke, maar slegs 'n klein hoeveelheid van die inligting verskyn uiteindelik in die teks. Jou kennis van dit waaroor jy skryf, moet dus baie meer wees as dit wat jy via die teks bekendmaak.

BESPREEK DIE VOLGENDE:

- Hoe Barnard Paul Rudman se angs en depressie in *Sindikaat* uitgebeeld het.
- Wat weet jy van Bossie? (Dit word bietjie vir bietjie deur die verloop van die roman onthul.)
- Hoe Barnard Lukas se ADHD en angs in *Spel* uitgebeeld het. (Wenk: angs veroorsaak dikwels dat 'n mens baie geïrriteerd is: https://www.calmclinic.com/anxiety/symptoms/close-irritability#:~:text=Irritability%20is%20a%20common%20symptom,causing%20them%20to%20lash%20out)

VASVRA:

1. Wat beteken wys i.p.v. vertel?
    i. Om die storie en karakters via aksie/handelinge, gedagtes, dialoog en die sensoriese oor te dra i.p.v. blote uiteensetting?
    ii. Om geen dialoog te gebruik nie?
    iii. Wanneer die skrywer slegs beskryf hoe dinge lyk en nie wat dit is nie.
2. Wat beteken dit as jou karakters doelwitte vir hulle dialoog het?
    i. Jou karakters moet iets bereik gedurende die dialoog en dit moet in lyn wees met die karakters se groter doelwitte en motivering.
    ii. 'n Spesifiek woordtelling per sin.
    iii. Hulle moet 'n aktuele tema bespreek.
3. Watter emosie kan deur die volgende handelinge uitgebeeld word: vroetel, naels byt, klam palms, loop op en af.
    i. Senuweeagtig
    ii. Kwaad
    iii. Verveeld
    iv. Bang
    v. Honger
    vi. Moeg
4. Watter tipe aksie moet jy in jou storie insluit?
    i. Aksie wat die karakter se emosionele toestand belig of belangrike ontwikkeling wat betref die plot aandui.
    ii. 'n Gejaag van motors, verkieslik Formule-1 motors.
    iii. Aksie wat 'n kontras met die dialoog vorm.



5. Hoekom moet gevoelswoorde en bywoorde vermy word?
    i. Dit vertel die leser hoe die karakters voel sonder dat die leser die kans het om met die situasie te identifiseer of die emosie werklik te verstaan.
    ii. Dit maak die woordtelling meer.
    iii. Die leser moet geen empatie met die antagonis hê nie.
6. Wanneer sal jy vertel eerder as om te wys?
    i. Om ‘n afdraaipad te vermy wat nie vir die plot noodsaaklik is nie.
    ii. Om lekker te beskryf.
    iii. As jy nie genoeg tyd het om die toneel te skryf nie.

OMKRING DIE VOORBEELDE WAT ‘WYS’ EERDER AS VERTEL:

1. Die kasteel is spokerig en donker.
2. Spinnerakke klou aan my arm vas terwyl ek met my vingers teen die muur na die ingang soek.
3. Dit is ‘n vreeslike warm dag.
4. Baster trek sy hemp van sy lyf weg net om te voel hoe dit weer teen sy rug gaan plak. ‘n Sweetdruppel loop teen sy neus af.

OPDRAG 1:

1. Skryf ‘n toneel (300 – 350 woorde) waarin jy iemand beskryf wat siek/verslaaf is, sónder om die siekte/verslawing by die naam te noem. (Die leser moet uit jou teks kan aflei watter siekte/verslawing dit is. Kies dus iets met maklik herkenbare simptome, byvoorbeeld Parkinsonisme, Alzheimers, ‘n oordosis flakka, ‘n drankverslawing, ens. Hierdie gaan vereis dat jy ‘n bietjie navorsing doen, wat ‘n uitstekende oefening is. Wenke: Hoe loop/beweeg die persoon? Dialoog? Reuk van die persoon? Voorkoms/klere? Kenmerkende eienskappe? Gebruik als wat jy tot dusver geleer het.)

OPDRAG 2:

1. In Module 1 (aantekeninge) moes jy enige tema kies en ‘n storie van 350 - 450 woorde skryf. Na elke module moes jy dit herskryf en redigeer en dit wat jy geleer het toepas. Doen dit nou weer en maak seker dat jy slegs ‘vertel’ wanneer die storie dit vereis en dit effektief is. Maak seker jy ‘wys’.